Manne wat bid: Hoe om te bid vir jou seun?

Daar behoort ‘n spesiale band tussen ‘n pa en ‘n seun te wees. Seuns kan nie tot mans en vaders ontwikkel sonder ‘n pa se teenwoordigheid nie. ‘n Pa se lewe, voorbeeld en gebede bepaal tot ‘n groot mate hulle seuns se lewens. Iewers lees ek onlangs hierdie aanhaling: “My kind, jy sal oor die berge en valleie van my gebede moet klim en deur die riviere van my trane moet swem as jy in die hel wil beland.” Ek sou graag ook nog wou byvoeg: “om jou lewe te vernietig.”

- ‘n Pa moet tyd met sy kind spandeer om te weet wat om vir sy seun te bid. Hy moet leer hoe sy seun dink, waarvan hy droom, wat sy sterk en swak punte is. Hy moet sy kind se hart verstaan. ‘n Pa moet nooit sy eie wil op sy seun afdwing nie. Die seun moet altyd beleef sy pa maak vir hom ruimte om homself uit te leef. Dit is van uiterste belang dat ‘n seun sal besef sy pa dink dat hy waarde het. Hy móét goedkeuring en aanvaarding van sy pa beleef.

- Wanneer ‘n pa vir sy seun begin bid, moet hy begin deur sy seun te seën. Kyk hoe Jakob sy seuns in **Gen.49** geseën het. Die pa moet die Naam van die Here oor sy kind uitroep, die Here vra om sy kind te seën met die seëninge wat ons in **Num.6:24-26** vind. Doen dit gereeld. Dit is nie net ‘n eenmalige ding nie. In die Joodse kultuur seën die pa sy kinders eenmaal per week wanneer die Sabbat gevier word!

- Bid vir die redding van jou kind. Daar is niks belangriker as dat jou seun met God versoen sal word nie. Al die ander dinge vloei daaruit voort.

- ‘n Pa moet met genade en barmhartigheid bid. Sy kind is nie volmaak nie. Sy seun sal opstandig wees by tye, foute maak, onkundig wees, soms terugdeins vir uitdagings en soms onverantwoordelik optree. In sulke gevalle moet ‘n pa genadig wees en met genade bid. Moenie met veroordeling bid nie. Moenie jou kind voor God aankla nie. Onthou dat jyself ook ‘n kind was.

- ‘n Pa moet so leef dat hy kan bid. Jy kan nie vir jou kind bid as jy nie so leef dat jy kan bid nie – jy moet heilig, met 'n navolgenswaardige voorbeeld, in liefde en geduld leef. Jy kan nie met ‘n hart vol sonde leef en dan vir jou seun probeer bid nie.

- Bid die beloftes van God. Lees die Woord en vra die Heilige Gees om vir jou die beloftes in die Woord wat op jou kind van toepassing is, te wys en bid daardie beloftes vir jou kind.

- Bid dat jou seun God se skeppingsdoel vir sy lewe sal verstaan en dit sal leef. Bid dus dat hy sal verstaan waarom hy op aarde is, watter bydrae hy moet maak, watter invloed hy moet uitoefen, wat God se doel met sy lewe is.

- ‘n Pa hou nooit op om vir sy seun te bid nie, ongeag of die pa 25 of 60 jaar oud is. Jou seun bly jou verantwoordelikheid totdat jy doodgaan.

- Leer om God se hart vir die kind te verstaan en vra die Vader om dieselfde gesindheid in jou hart te werk.

- Die Bose is ‘n realiteit. Vra God om jou seun van die Bose te bewaar, van aanvalle van die Bose en versoekings.

- Bid dat jou seun nie aan groepsdruk sal toegee nie, maar dat hy sy eie keuses sal maak en sy waardes sal uitleef, ongeag die situasie. Bid dat die Here vir jou seun vriende sal gee wat hom nie van God sal weghou of wegdryf nie, maar wat getrou sal wees en hom kan versterk in tye wanneer dit moeilik gaan.

- Vra vir die Here of daar iets is wat jy verkeerd teenoor jou kind gesê of gedoen het en indien daar is, vra vir God én jou seun om vergifnis daarvoor.

- Sien jou kind se potensiaal, ongeag wat dit mag wees, en moedig hom aan om dit uit te leef. Moenie jou wil op jou seun afdruk en bv. van hom verwag om ‘n dokter of predikant of aktuaris te word as jy een is nie.

- Vra die Here om jou hart so te verander dat jy jou seun sal liefhê soos Hy hom liefhet.

- Bid van vroeg af reeds vir jou seun se lewensmaat. Om vir jou seun se redding te bid, is die belangrikste ding, maar om vir sy huweliksmaat te bid is waarskynlik die tweede belangrikste saak in jou seun se lewe.